

Sondag, 16 Augustus 2020
Fokusteks: Genesis 45:1-15

Ek is seker daarvan baie van julle het al by geleentheid ervaar hoedat sekere intense emosies jou letterlik kan oorval. En jy kry dit veral binne jou gesins- of familieverband. Neem bv. iets soos 'n troue. Jy moet dalk 'n heildronk instel op sê nou maar, jou ouers of skoonouers, en voor jy jou kom kry rol die trane. Dieselfde gebeur wanneer iemand 'n huldeblyk lewer oor 'n dierbare wat gesterf het. Ek dink die huisgesin is sekerlik die plek waar jy jou emosies nie kan wegsteek soos voor ander mense nie. Dis 'n veilige ruimte waar jy geen masker hoef op te sit nie. Daar is ook ander ervarings wat sulke emosies kan ontlok, dalk mooi musiek, 'n treffende gedig of skildery, of sommer net iets wat jou diep raak.

Ongelukkig is dit nie net mooi ervarings wat die trane laat rol nie. Wanneer mense in konflik met mekaar kom, of sterk verskil, is daar net sulke sterk emosies. Dit kan jou ook tot trane dryf, maar dis pynlik. Die emosies wat só losgemaak word, vertel van seerkry, van misverstand en hartseer. Ek reken die mooiste ervaring wat 'n mens kan hê, is nie 'n stukkie mooi natuur, mooi musiek of treffende woorde nie. Ek dink dis wanneer mense, wat deur een of ander omstandigheid 'n diep kloof tussen hulle het, mekaar weer in liefde die hand gee. Ek dink die emosie en trane wat kom wanneer ware versoening plaasvind, is seker van die heel sterkste. Miskien het jy al so-iets ervaar in jou eie familie- of vriendekring.

In Gen.45 kom die Josefverhaal tot 'n spannende hoogtepunt. Letterlik 'n emosionele hoogtepunt. Van hfst.37 af word jou aandag vasgehou deur wat met Josef aan die gebeur is. En hfst.45 open op 'n emosionele punt. Josef huil so hard dat die paleismense dit almal hoor (v.2). Dit was op die punt dat hy aan sy broers bekend gemaak het wie hy is. En in v.14 sit die trane nog vlak: *Toe omhels Josef sy broer Benjamin en hy huil; ook Benjamin het op sy broer se skouer gestaan en huil. Josef het al sy broers gesoen en daar by hulle gestaan en huil.* 'n Mens kan verstaan waarom dit gebeur. Hierdie verhaal het 'n lang aanloop. Vanaf hfst.37 raak jy betrokke by die gebeure wanneer die broers hom beledig, amper vermoor, maar toe verkoop. Josef beleef 'n hele klomp persoonlike uitdagings in Egipte totdat hy uiteindelik onderkoning word. En hier vind die ontknoping plaas wanneer daar na baie jare versoening tussen hom en sy broers kom.

Maar onder al die emosies waarvan 'n mens hier lees, lê daar iets dieper wat ons moet raaksien. Die verhaal gaan nie in die eerste plek oor Josef en wat met hom gebeur nie, maar oor die God van Josef. Dit gaan oor God se betrokkenheid by die mens, en veral hoe die Here jou kan gebruik op vreemde en verrassende maniere. Let op wat Josef vir sy broers sê in v.5: *Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uitgestuur om lewens te red.* En ook v.8: *Dis nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God.* Watter ongelooflike geestelike insig! En hierdie insig wat Josef openbaar is die sleutel waarmee jy die hele Josefverhaal moet ontknoop. Wat hier begin duidelik word, is dat al ons menslike emosies eers betekenis kry wanneer dit binne die groter raamwerk van God se plan geplaas word.

Josef ontdek 'n belangrike ding, en dit is wat ons self moet leer uit die verhaal. Hy begin verstaan dat sy omstandighede, goed of sleg, deur God gebruik word. Josef ervaar dat God hom gestuur het. Gestuur het vir 'n saak groter as hyself. Hy word gestuur ter wille van die lewens en welsyn van baie mense. Josef word 'n belangrike persoon in die verskaffing van voedsel vir volke wat in hongersnood verkeer. Hy begin nou al sy negatiewe ervarings, die verwerping deur sy broers, sy slawerny in Egipte, sy tyd in die tronk, sien as momente wat God uiteindelik gebruik vir iets positief – in hierdie geval die versorging van sy eie mense, en die hulp aan andere. Die herontmoeting het die broers nie net met mekaar versoen nie, maar ook tot 'n groot welwillendheid aanleiding gegee sodat hulle deur die Farao met groot gasvryheid ontvang is en 'n vrugbare deel van Egipte in die Nyldelta aangebied is.

Josef begin vir God raaksien in die gewone handel en wandel van sy alledaagse lewe. God roep hom vir 'n bepaalde doel, en al loop dinge skeef deur die bouse toedoen van mense, selfs sy eie broers, sal God dit omdraai en laat uitloop op dit wat Hy lankal in gedagte gehad het. Josef begin God se voorsienigheid in sy eie lewe en omstandighede ontdek.

Maar wat nog meer opvallend is, en nog meer ons aandag vra, is die feit dat 'n mens nêrens hier lees van vergifnis wat voorwaardelik gevra of gegee word nie. Jy lees bv. nie dat die broers te kenne gee dat hulle berou het nie – Ons is jammer, Josef, vergewe ons. Trouens, Josef vereis dit nie. Jy lees ook nie dat Josef vergifnis gee as sodanig nie. Hy sê net hulle hoef nie sleg te voel nie – dis nie nodig nie. Dit lyk my hier vind versoening plaas op 'n heel ander manier.

Kom ons dink eers hoe onself bereid is om vergifnis te gee. Ek dink dit werk gewoonlik so by ons dat vergifnis net moontlik is wanneer iemand sê dat hy of sy berou het. Ons vereis ook van mekaar dat ons dit slegs sal oorweeg om te vergewe as die ander een darem sê dat hy of sy jammer is. En as die persoon dit nie wys of sê nie, kom vergifnis baie moeilik, indien enigsins! As iemand bv. vir jou vra, wanneer vergewe die Here 'n mens? Dan sal jy dalk antwoord: wanneer jy jou sonde bely. Ons sal dalk 1 Joh.1:9 as 'n bewys aanhaal wat sê: *As jy jou sondes bely, Hy is getrou en regverdig, Hy sal jou sondes vergewe.* En nou sal ons dieselfde met mekaar maak. Ek weier om enigsins te dink aan vergewe voordat die ander nie berou het nie. Maar tot dan ken ek nie genade nie, en sal ek dit ook nie gee nie.

Daarom is dit belangrik wat ons hier leer uit die verhaal. Dit lyk asof hier versoening plaasvind sonder dat die broers sê: Ons is jammer. En dis wat ek netnou bedoel het – hier is iets anders wat gebeur. Die verhouding tussen Josef en sy broers *word nie herstel op grond van hulle uitgesproke berou nie.* Dit word herstel op grond van die feit dat hulle almal ontdek het, hoedat die sonde wat wel gepleeg is, in die hande van God omskep is tot iets goeds. En hiermee sê ek nie dat sonde ophou om sonde te wees nie. Sonde is sonde is sonde. As iemand verkeerd en kwaadwillig opgetree het, kan dit nie maar net so verbygaan asof niks gebeur het nie. Daar staan immers in Jakobus 5:16: *Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.* So ja, natuurlik moet ons ook vir mekaar kan sê ons is jammer as ons verkeerd gehandel het. Maar God kry dit reg om die kwaad wat teen iemand gepleeg word, so te gebruik dat daar iets goeds van kan kom. Soos in die geval met Josef. God gebruik die sonde van die broers om later baie mense se lewens te red. Net God kan dit regkry. En dis wat Josef, sowel as sy broers besef. Hier is iets groters aan die gang, iemand groter. Dit maak dat hulle nie meer eise aan mekaar hoef te stel vir versoening nie. Nie meer voorwaardes nie.

Is dit nie soos wat ons mekaar voor die aangesig van God moet verstaan nie? As die kwaad wat iemand anders teen my bedink, deur God se beskikking vir my 'n stukkie seën word, waarom moet ek kwaad bly vir daardie een? Kan hierdie insig wat Josef openbaar dan nie ook vir ons help in ons stukkende verhoudinge nie? Kan dit nie help in ons eie gesinne, families en werkplekke nie? Kan ons nie leer om só daarvoor te dink nie: As iemand my benadeel, of verkeerd teenoor my doen, dan kan ek weet, dalk bring dit op die ou end 'n goeie uitkoms vir my en baie ander mense.

Die Bybel leer ons deur hierdie verhaal dat 'n mens in die moeilikste situasies geestelik kan groei. Josef groei as 'n slaaf, in die tronk, wanneer hy as 'n Hebreër Egipte moet bestuur en wanneer daar 'n verskriklike droogte is. Josef groei vanaf sy eie drome na God se drome. Hy groei na iemand wat vergewe en die toekoms vir almal om hom oopmaak. Hy bly nie vasgevang in seerkry van die houe wat die lewe aan hom uitdeel nie. Hy steek nie vas in verbittering nie.

Maar dis ook wat Jesus kom demonstreer. Jesus vra nie aan die kruis of die mense jammer is oor wat hulle doen nie. Jesus sterf vir sondaars, vir mense wat uitroep: *Kruisig Hom, kruisig Hom!* Hy sterf nie vir mense

wat op daardie stadium sê dat hulle jammer is en daarom om vergifnis smeek nie. Hy is die ware Versoener. Hy is die brug oor die kloof tussen ons en God.

As ons mooi na Josef se verhaal kyk, dan sien ons dat dit juis God is wat die enigste stabiliserende faktor in sy lewe is. Waar dit met hom sleg of goed gaan, dáár is God. Wanneer hy 'n slaaf is, dáár is God. Wanneer hy in die tronk is, dáár is God. Wanneer hy heerser van Egipte word, dáár is God. God is in die put, in die tronk en in die droogte. Dit is 'n belangrike les om by Josef te leer ... om terug te kyk op ons lewe en nie die slegte raak te sien nie. Om te beseft dat die ellendes wat ons oorgekom het, deel was van 'n pad waarop ons kon groei. Deur ellendes en swaarkry, is ons saam met God op pad.

Ons mag nie terugkyk op ons lewe en net die mislukkings en terugslae raaksien nie. As ons met God op pad is, is ons nie vasgevang in ons swaarkry nie. Ons is op pad. Nooit bly ons vasgevang nie. Want God is dáár, en God stap saam.

SEËNGEBED

Mag die lig van die evangelie in jou hart skyn.

Mag die hoop van die evangelie jou lewe rig.

Mag die vrede van die evangelie oor jou die wag hou.

Mag God jou seën met sy liefde,

met die vrede van Christus

en met die krag van die Heilige Gees.

Amen.